SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

1 Oktober 2017

Alle SSK Graanprodusente

VERW: SAADBESTELLING VIR KOMMERSIëLE GRAANSAAD & CANOLA

Vind aangeheg die SSK saadbestelvorms en inligting vir u aandag.

SSK poog om te alle tye die bes moontlike diens en produk aan sy lede te lewer en om saadaankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is uiters belangrik. U word dus vriendelik versoek om kennis te neem van onderstaande reëlings ten einde hierdie proses tot voordeel van SSK en sy lede te kan bestuur.

- Indien graan vir saaddoeleindes verlang word moet die aangehegte vorms voltooi en ingehandig word voor of op **1 Desember 2017.**
- Saad wat na 1 Desember 2017 bestel word sal noodgedwonge spesiaal vir die produsente by ander instansies aangekoop moet word en teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
- Slegs skriftelike kansellasies van saad sal aanvaar word. Enige produsent wat meer as 10 % van sy aanvanklike bestelling kanselleer of terugbring en die saad kan nie weer aan 'n derde party verkoop word nie, sal vir die drakoste daarvoor gefaktureer word.
- Saad wat bestel is voor 1 Desember 2017, sal tot 10 Mei 2018 in voorraad gehou word. Dit sal nie sonder die toestemming van die eienaar aan 'n ander produsent wat na die sluitingsdatum bestel het, verkoop word nie. Alle bestellings verval egter na 10 Mei 2018. Daarna sal saad in voorraad op 'n "eerste kom, eerste bedien" basis verkoop word of saad sal volgens bestelling vir produsente skoongemaak of aangekoop word. Die datum van 10 Mei kan na gelang van die seisoen aangepas word om produsente ooreenkomstig die verloop van die seisoen tegemoet te kom.
- Geen grootmaatverpakkings word teruggeneem vir herverkoop nie. Neem dus die laaste hoeveelhede van 'n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg), ten einde die oortollige saad te kan terugbring. Slegs oorspronklike verseëlde sakkies (50 kg en 25 kg) sal terug ontvang word.
- Saad wat net in 50 kg sakkies beskikbaar is, sal in massasakke oorgeskud word as die tyd dit toelaat. Produsente word versoek om dit vooraf met die betrokke Silobedryfsbestuurder te reël.
- Fakturering van saad sal geskied op die dag wanneer saad afgehaal word.

- Koring word chemies behandel met Orius (Tebukonasool). Gars word behandel met Redigo (Prothiokonasool) en hawer word met Shavit (Triadimenol) behandel. Koringsaad sal volgens bestelling met Galmano Plus (Fluquinkonasool) of Seedoprid (Imidaklopried) behandel word indien produsent dit sou verkies. Garssaad sal ook met Seedoprid (Imidaklopried) behandel word indien produsent dit sou verkies. Saad wat met Seedoprid en Galmano Plus behandel word, kan nie gekanselleer word nie en geen krediet word vir die Seedoprid en Galmano Plus behandelde saad wat teruggebring word, gegee nie.
- SST 056, SST 087, SST 0127, SST 0147, SST 0117 en SST 0166 sal volgens Sensako se lisensiërings ooreenkoms verkoop word. Dit behels kortliks dat elke produsent wat SST 056, SST 087, SST 0127, SST 0147, SST 0117 en SST 0166 wil aankoop by Sentraal Suid Koöperasie, `n kontrak sal moet onderteken met sekere voorwaardes daaraan verbonde. SST 056, SST 087, SST 0117, SST 0127 en SST 0147 wat vanjaar teruggehou word (plaassaad) wat deur SSK skoongemaak word, sal ook onder 'n nuwe lisensiërings ooreenkoms skoongemaak word. 'n Kontrak vir die teruggehoude saad sal ook onderteken moet word. Die bestaande kultivars naamlik. SST 015, SST 027 en SST 88 is nie onderhewig aan bogenoemde ooreenkoms nie.
- Alle saad wat met ander produkte as bogenoemde behandel word, word op die produsent se eie risiko gedoen.
- Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saadbestellingsvorm.
- Ander saad wat nie op die kultivarlys verskyn nie en wat bestel word, moet alles geneem word. Geen kansellasie daarvan sal aanvaar word nie.
- Ontkiemingstoetse sal daagliks tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word.
- Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie**.** Slegs die voorgeskrewe SSK saadbestelvorm wat deur die produsent self geteken is, sal aanvaar word. Dit geld ook vir kansellasie of die verandering van bestellings.
- Massasakke kan vanaf 15 Junie 2018 tot einde Julie 2018 ingehandig word. Massasakke wat beskadig of baie vuil is, sal nie gekrediteer word nie.

Geliewe die aangehegte saadvorm voor of op 1 Desember 2017 by u naaste depot in te handig,
of faksnommer: 028 – 514 8903
of epos: gerdus.steyn@ssk.co.za / petro.heyneman@ssk.co.za

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

Gerdus Steyn	Tel (028) 514 8687 Sel (082) 521 4515 E-pos gerdus.steyn@ssk.co.za
Rudolf Meyer	Tel. (028) 514 8739

U samewerking word waardeer.

CH DE BEER
HOOFBESTUURDER: BEDRYWE